Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

## AFDELING A:

## VRAAG 1: *Gebed om leiding* – M.M. Walters

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Kandidate moet ŉ gepaste inleiding en slot gee.<br><br>Predikante se **materialistiese lewensbeskouing.** (Hy besoek slegs die bejaardes met geld. Verseker dat die kerk in hul testament benoem word./Verhuur kamers in die pastorie uit aan student. Die huurgeld beland in sy sak/Leef in oorvloed/Ontvang komplimentêre kaartjies om na "bose" uitvoerings te gaan kyk.)<br>Die swakheid van die mens om nie na God self te luister nie, maar **jou eie wil te doen**. (Probeer God oortuig waarom hy nie Merweville toe kan gaan nie.)<br>**Buite-egtelike verhoudings**. (Hy probeer hierdie misstap regverdig. Hy swig voor Satan.)<br>Die mens wat **vol van sy eie wysheid is** en daarvan hou om **belangrik te klink**. (Noem God sy meester, maar luister tog nie na Hom nie./Gebruik hoogdrawende taal.)<br>**Intellektueles en hooggeleerdes wat saambondel** by universiteite en kweekskole. | *Gee 3 punte vir drie swakhede/ wanpraktyke wat genoem word.* | 3 | LU2 AS 4.2.5 | 3 & 5 |
| | **Oordrywing:** (√) Die predikant gebruik **hoogdrawende taal** om sy **belangrikheid** te beklemtoon, **bv**. "akademiese omgaan en verkeer."/ "hoe kan ek dit ontbeer"/ "delf in die duisterhede"/" in antwoord op my broederse gebede." (√) / Die predikant se wanpraktyke/gulsigheid/sondes word deur oordrywing belaglik gemaak, **bv**. "en die koshuise is duur en vol."/ "Hoe kan ek bly waarsku teen die bose spel."/ "Die klein sondetjies met my buurvrou." (√) (2)<br>**Kontras:** (√) tussen wat behoort en dit wat in die praktyk gebeur, **bv.** die predikant moet nederig wees, maar hy is vol van homself en sy eie belangrikheid. (√) / Hy behoort sy gemeente te dien en homself nie te verryk nie, maar hy besoek net sekere gemeentelede/ hy verryk homself deur die pastoriekamers te verhuur/ Hy praat ŉ hoogdrawende taal, maar gebruik platvloerse uitdrukkings soos "die gans wat die goue eiers lê." (√) (2) | *Kandidaat moet die **stylfiguur** en **voorbeeld.** (4 punte)* | 4 | | |

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| | Die **woordkeuse** beklemtoon die satire verder. Hy beskryf die sewe jaar oue bottel wyn as "goeie dade" wat aan hom gedoen is. (√) Die vet braaivleis wat hy geniet word as "genade" beskryf. (√) In hoogdrawende taal vertel hy van sy" kudde" wat "die kuns ten prooi val", maar hy, wat 'n buite-egtelike verhouding het, sal sterk genoeg wees, want hy moet daarna gaan kyk om sy gemeente sodoende te kan beskerm. (√)<br><br>Hier kan die kandidaat sy eie opinie gee. Hy kan self besluit of sulke wanpraktyke wel aan die kaak gestel moet word.<br><br>**Merk met die rubriek.** | ***Twee*** *woordkeuses moet bespreek word. (2 punte)*<br><br>*Dui aan of dit gelug moet word al dan nie + motivering. (1 punte)* | 2<br><br>1 | | |
| | | | **[10]** | | |

## VRAAG 2: *Staat* – Niel van Tonder

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Tersine | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 2.2 | Dit pas by die saaklike verloop van die gebeure. | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 3 |
| 2.3 | Die spreker wil beklemtoon dat die wit krap nou reeds al baie lank net in die wal sit. | *Vir net beklemtoning kry die kandidaat geen punte nie.* | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 2 |
| 2.4 | Van die staat. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 2.5 | Net soos die krap paraat en gepantser is om homself te beskerm, net so is die staat ook. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 2 |
| 2.6 | Daar is ook ander sulke gevalle. /Dit maak die betekenis universeel. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 2.7 | Dit wat die krap gedink het hom kon beskerm, (√) het nou tot sy ondergang gelei. (√) / Die krap/staat het gedink dat hy paraat is, maar miere het sy pantser binne gedring. | *Leerders moet beide kante van die saak hê. Is slegs 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 4.2.7 | 3 |
| 2.8 | Ja. Die woord staat dui op ’n land se regering (√), en die inhoud handel oor ’n regering wat tot ’n val gekom het. (√), / *Ja*. Die woord staat *dui op ’n toestand van sake.* (√) Die inhoud handel oor die toestand van ’n regering. (√) | | 2 | LU2 AS 4.2.5 | 4 |
| | | | **[10]** | | |

## VRAAG 3: *finis* – Lina Spies

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | In die eerste gedeelte word daar op die "ek" gefokus en in die tweede gedeelte word daar op die "jy" gefokus. | *Beide vir die punt* | 1 | LU 2 AS 4.2.6 | 1 |
| 3.2 | Bobbejaan word gesien as ʼn dom dier. Sy was te dom om te besef hierdie verhouding ontwikkel nie. | *Beide vir die punt* | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 3.3 | A | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 3 |
| 3.4 | Dit maak die stemming hartseer/somber/treurig. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 2 |
| 3.5 | Versreël 9 | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 3.6 | Nee. Aprilmaand verwys na ʼn Aprilgek. (√) Sy was ʼn Aprilgek om te glo die verhouding kan werk. (√) | | 2 | LU2 AS 4.2.6 | 4 |
| 3.7 | Deur die eindplasing van die woord "lag"./ Albei reëls eindig met lag. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 1 |
| 3.8 | Die tema handel oor verbreking en verbrokkeling van ʼn verhouding. (√) ʼn Vaste strofebou sou nie hierdie idée ondersteun nie. (√) /ʼn Onegalige strofebou ondersteun hierdie gedagte beter. (√) | *Leerders moet beide kante van die saak hê. Is slegs 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 4.2.6 | 3 |
| | | | **[10]** | | |

## VRAAG 4: *Sonsverduistering* – P.J. Philander

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | abba/cddc/efg/efg | *Leerders moet die **hele** rympatroon **korrek** aandui vir die punt.* | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 4.2 | ŉ Sonnet | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 4.3 | Son dui op lig (√) teenoor duister wat op donker dui (√) / son (√) teenoor duister. (√) | *Leerders moet beide kante van die saak hê. Is slegs 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 2.2.7 | 3 |
| 4.4 | Enjambement. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 4.5 | Nee. Die skaap en die donkie word as die domste diere beskou. Sodoende word die dwaasheid van die mens net meer beklemtoon. | *Ja/nee verdien nie ŉ punt nie.* | 2 | LU2 AS 4.2.5 | 4 |
| 4.6 | Die oktaaf sou nie afgesluit gewees het nie./ Die wending sou nie so duidelik sigbaar wees nie./ Die natuurbeeld sou nie afgesluit wees nie. | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 3 |
| 4.7 | Die bose/ Die sonde/ Die kwade | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 4.8 | Aanvanklik word daar van "gans die mensdom" gepraat en dan na "ons"/ Aanvanklik word daar universeel na die mens verwys en dan meer persoonlik. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 3 |
| | | | **[10]** | | |

## VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG: OPSTELVRAAG

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | Kandidate moet 'n gepaste inleiding en slot gee.<br><br>Die liefde word met 'n skip/kaperskip vergelyk. (√)<br><br>Die liefde word hier gelyk gestel aan 'n skip wat uit graniet gemaak is. (√)<br>Die liefde is dus nie altyd maklik en vrolik nie. /<br>Die liefde wat die spreker het, is dus onvernietigbaar. (√)<br>Die liefde moet dus net soos die graniet, bestand wees teen aanslae. (√)<br><br>'n Kaperskip kaap ander skepe. (√)<br>Dus kaap die spreker ander se harte. (√)<br><br>Hierdie liefde kan so opwindende/ gevaarlik wees soos 'n skip vol buskruit. (√)<br>Die spreker se liefde kan jou drome laat droom. (√)<br>Hierdie liefde kan jou na wonderlike/ gevaarlike plekke neem, maar jy sal nie seerkry nie. (√)<br><br>Hier moet die leerder sy opinie uitspreek oor die skip-metafoor. (√)<br><br>**Merk met die rubriek.** | *Metafoor*<br><br>*Betekenis van metafoor in strofe 2.*<br><br>*Betekenis van metafoor in strofe 4.* | 1<br><br>3<br><br>5<br><br>1 | LU2 AS 4.2.6 | 1, 3 & 5 |
| | | | **[10]** | | |

## VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG: KONTEKSTUEEL

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Alleenplasing/ Enkel versreël. | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 6.2 | Dit beklemtoon / lig uit wat sy stuur. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 6.3 | Vergelyking | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 2 |
| 6.4 | Gebeitel laat jou hoor hoe sterk/hard hierdie liefde is. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 6.5 | alliterasie | | 1 | LU2 AS 4.2.6 | 1 |
| 6.6 | Dit laat jou die opwinding/ gevaarlikheid van die liefde hoor/ ouditief ervaar./ Beklemtoon die opwinding/gevaar wat die liefde inhou. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 6.7 | "…, my Lief..." | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 1 |
| 6.8 | Sy gaan sy hart kaap/vat. | | 1 | LU2 AS 4.2.5 | 3 |
| 6.9 | Hier gee kandidaat sy eie opinie. | *Nee/ja verdien nie 'n punt nie. Slegs die motivering.* | 2 | LU2 AS 4.2.5 | 4 |
| | | | **[10]** | | |

## AFDELING B : ROMAN

## VRAAG 7: OPSTELVRAAG: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Kandidate moet 'n gepaste inleiding en slot gee.<br><br>Die karakters waarteenoor daar rassisties opgetree kon word, is Johanna/die huishulp (√), Claude/Kara se man/die bruin Fransman met wie Kara getrou het (√) en Billy /die swart taxi-bestuurder. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3 | | |
| | Iris-hulle se huishouding kan net funksioneer a.g.v. Johanna / sy is onmisbaar. Sy organiseer alles in die huis./ Sy leer Ma kook, leer die dogters hul hare vleg en sorteer die huissleutels uit. (√) Ma vertel dat Johanna haar niggie is om die pasregistrasie te ontduik. (√) Johanna en Iris het 'n goeie intieme verhouding soos gesinslede. (√) Pa laat Johanna hom voorskryf oor hoe haar woonplek moet lyk. (√)<br><br>Pa en Johanna kommunikeer baie gemaklik met mekaar. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Iris, Pa en Ma was baie opgewonde oor die koms van Claude. (√) Aanvanklik is Ma bekommerd oor apartheidswetgewing, maar Claude oorrompel die familie met sy sjarme. (√) Aanvanklik beskou Johanna hom as 'n "klong", maar lag as Iris sê sy is 'n rassis. (√) Elsa en Hannes is egter nie beïndruk met Claude nie. Hulle is bekommerd oor die kultuurverskil en waar hul sal woon. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | | | |
| | Iris en Billy kom van die staanspoor goed oor die weg. (√)<br><br>Iris vind in Billy iemand wat uiteindelik na haar luister. (√) Billy voel verantwoordelik om Iris te beskerm. (√) Johanna waarsku Iris om versigtig te wees aangesien die Negers anders is. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Ja, hulle optrede is aanvaarbaar, (√) want velkleur behoort nie 'n rol te speel in die behandeling/optrede van mense nie. (√)<br>Nee, hulle optrede was nie korrek nie, (√) want 'n mens moet by jou eie soort mense hou. (√)<br><br>**SIEN VOLGENS RUBRIEK NA.** | | 2 | | |
| | | | **[25]** | | |

**OF**

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8.1 | | Joe /<br>Die fotograaf | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 8.2 | | Joe wou haar as ŉ model gebruik. (√) en Iris het gedink dit kan haar blomgeleentheid wees. (√) /<br>Joe het van haar foto's geneem en wou haar ŉ modelkontrak aanbied. (√) Iris het gedink dit kan haar blomoomblik wees. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.5 | 3 |
| 8.3 | 8.3.1 | Peter | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| | 8.3.2 | Hy het haar voor ŉ keuse gestel: hy gaan Vermont toe met of sonder haar. /<br>Peter stel haar voor die ultimatum dat hy Vermont toe vertrek vir Kersfees en hy het nie tyd op te wag tot sy tot haar sinne kom nie. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 8.4 | | C | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 8.5 | | Nee, (√) nie rêrig nie. Sy het maar te maklik aan Peter se versoeke toegegee. (√) /<br>Nee, (√) sy het Peter net te maklik na sy woonstel gevolg. (√) | *Leerder kry nie punt vir ja/nee verdien geen punt.* | 2 | LU2 AS 2.4.4 | 4 |
| 8.6 | | Hotelkamer./<br>New York | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 8.7 | 8.7.1 | Waar. (√) Iris het ŉ selfstandige vrou geword wat op haar eie rondreis. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 8.8 | 8.8.1 | Gespanne/<br>Geïrriteerde | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 8.9 | | Vandat sy in die hotelkamer gearriveer het, (√)lui die foon op die onmoontlikste tye. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 8.10 | | Verbeeldingrykheid | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 8.11 | | Sy skep denkbeeldige karakters./<br>Leef in ŉ fantasiewêreld. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8.12 | | Die leser sou moeilik glo dat daar wel ŉ gesprek met ŉ engel kon plaasvind. / Die leser beleef die gesprek met die Engel eerstehands. Dus is sy bestaan meer geloofwaardig. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 8.13 | | Hy was Ouma se Engel. /<br>Sy het hom van haar ouma geërf. | | 1 | LU2 AS 2.2.9 | 2 |
| 8.14 | | Hy is nie haar beskermengel nie. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 2 |
| 8.15 | | ŉ Naam is net ŉ naam. /<br>ŉ Naam kan nie jou toekoms bepaal nie. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 8.16 | | Nee, want die Engel beleef die lewe baie ligter/minder gekompliseerd, (√) omdat hy niks so ernstig opneem nie. (√) /<br>Nee, hy neem die lewe glad nie ernstig op nie, (√) en sal dus nie regtig in die toekoms belangstel nie. (√) | | 2 | LU2 AS 2.2.8 | 4 |
| 8.17 | 8.17.1 | Kara se lewe het te veel onverwagte kronkelinge gemaak. /<br>Kara se toekoms was moeilik om te voorspel. Sy het onvoorspelbare besluite geneem. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 1 |
| | 8.17.2 | Peter | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 8.17.3 | Sy het met Peter getrou. | | 1 | LU2 AS 2.28 | 1 |
| | | | | **[25]** | | |

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 9.1 | Kandidate moet ŉ gepaste inleiding en slot gee. | | | LU2 AS2.4.3 & 2.4.4 | 1.2.3 & 4 |
| | Die karakters wat rassisties optree, is Griesel – beskou hom as meerderwaardig. (√) Riekert beskou swartmense nie as individue nie (√) en Chisupo. glo blankes "vat sy krag weg". (√) | | 3 | | |
| | Nanna vind dadelik aanklank by die kinders en wil by die mense en die omgewing inpas. (√)<br>Sy stel opreg belang in die mense en is besorg oor hulle. / Sy is besorg oor mnr. Jihnnie se omstandighede / Wanneer Grace se klere natgereën is, leen sy vir haar haar sweetpak. (√)<br>Sy is die eerste een wat opmerk dat Baas en Grace ŉ perfekte paartjie sal uitmaak. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Ten spyte van die feit dat sy ouers deur die plaaslike bevolking van Zimbabwe uitgemoor is, dra Baas nie ŉ wrok teenoor swart mense nie. (√)<br>Baas help enige een ongeag velkleur. / verskaf hulp aan die Angolese vlugtelinge/aan Grace/ Johnnie/plaaslike bevolking. (√)<br>Baas luister na Ouma Essie en aanvaar later die sendelinge op Manaka. / Hy vra haar om hulp rondom sy worstelvraag: "Wat maak van jou ŉ Christen?" (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Oom Scholtzie tree op as tussenganger tussen die Kerk en die khuta. (√)<br>Hy het kennis van die plaaslike gebruike en pas dit toe/betoon die nodige respek. (√)<br>Hy respekteer ouma Essie en behandel haar asof sy sy meerdere is. (√)<br>Sy boodskap by die nagmaaldiens toon duidelik dat hy alle mense as gelyk beskou. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Ja, hulle optrede is aanvaarbaar, (√) want velkleur behoort nie ŉ rol te speel in die behandeling/optrede van mense nie. (√)<br>Nee, hulle optrede was onaanvaarbaar, (√) want ŉ mens moet by jou eie soort mense hou. (√) | | 2 | | |
| | **GEBRUIK RUBRIEK VIR NASIEN.** | | **[25]** | | |

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIG-LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10.1 | | Oom Scholtzie | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 10.2 | | Oom Scholtzie is een van die sendelinge (√) en glo dat die Here ŉ plan met Baas se teenwoordigheid op Manaka het (√) / Oom Scholtzie se antwoord dat daar in elke mens se lewe ŉ tyd kom dat jy gebed nodig het (√) laat Baas vrae vra oor die wese van Christenskap. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 10.3 | 10.3.1 | Ouma Essie | | 1 | LU2 AS 2.4.5 | 1 |
| | 10.3.2 | Dis om óm te gee vir ander en die besliste wete waarheen jy gaan in die lewe, en die hiernamaals. | | 1 | LU2 AS 2.4.5 | 1 |
| 10.4 | | Ja. Baas staan koud/afsydig/ hardvogtig teenoor godsdiens (√) en soek antwoorde op vrae. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 4 |
| 10.5 | | Barotseland /<br>Die weste van Zambië /<br>Manaka. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 10.6 | | Waar. (√)<br>Grace en Baas is ook nooit ver van mekaar af nie. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 10.7 | 10.7.1 | ŉ Gemeensaamheid/Rustigheid | | 1 | LU2AS 2.4.3 | 1 |
| | 10.7.2 | Gewydheid | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 10.8 | | Nanna | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 1 |
| 10.9 | | Hy dink terug aan sy ma wat ook die lied gesing het. /<br>Hy dink terug aan sy kinderjare/<br>Hy raak ontsteld | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 10.10 | | B | | 1 | LU2 AS 2.4.4 | 3 |
| 10.11 | | Griesel het geen toestemming gehad nie. / Griesel het ingebreek (√)<br>Grace het ingegaan om Baas te versorg. /<br>Grace was nie ŉ vreemdeling nie. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.4 | 3 |

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIG-LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10.12 | | Ons sou die siekte van ouma Essie en die gepaardgaande ontsteltenis net vanuit die verteller se perspektief beleef het. / Ons weet hoe elkeen van die karakters voel wat by ouma Essie se siekbed betrokke is. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 10.13 | | Hy was haar man. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 10.14 | | Baas is juis die een wat vrae rondom Christenskap het/godsdiens het/nie meer sy Bybel lees nie (√) en nou moet hy bid vir bystand. (√) | *Kandidate moet beide kante noem. Slegs 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 10.15 | | Hy is iemand wat vir ander omgee. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 3 |
| 10.16 | | Dat ouma Essie gespaar is. / Vir God se groot genade om met ouma Essie te wees.<br>**EN**<br>Vir die antwoorde wat Baas hier op Manaka kry. | | 2 | LU2 AS 2.2.6 | 3 |
| 10.17 | | Hy aanvaar Manaka as die plek waar hy moet wees. | | 1 | LU2 AS 2.2.9 | 3 |
| | | | | **[25]** | | |

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG: *VATMAAR* – AHM Scholtz

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 11.1 | Kandidate moet ŉ gepaste inleiding en slot gee.<br><br>Die karakters wat rassisties optree, is Piet de Bruin, (√) Elsa – beskou haar as beter as die mense van Vatmaar, (√) en Tommy glo Nellie Ndola is benede hom as gevolg van haar donker kleur. (√) | | | LU2 AS 2.4.3 & 2.4.4 | 1, 2, 3 & 4 |
| | Ma Khumalo ontferm haar oor Borman/ Norman, ŉ blanke seun. (√)<br>Sy ontferm haar ook oor Miriam Mohammed. (√)<br>Vir beide gee sy onvoorwaardelike liefde (√)<br>Borman ondergaan ŉ identiteitsverandering met die verandering van sy naam en Miriam laat haar seun Lukas Khumalo doop. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Tant Wonnie het Sannah Vosloo opgepas en versorg t.s.v. Piet de Bruin se attensies/sy behandeling van onie-as. (√)<br>Tant Wonnie noem Piet de Bruin nog steeds "meester" al het hy haar swak behandel. (√)<br>Tant Wonnie betaal vir die Septembers se rit op die kapkar t.s.v. die feit dat hul haar laat arresteer het. (√)<br>Tant Wonnie deel haar gemmerbier met die Septembers t.s.v. die feit dat hul haar laat arresteer het. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Mev. Pienaar het tant Wonnie na die winkels geneem om klere te kry. (√)<br>Mev. Pienaar het tant Wonnie met die nodige respek behandel, al het sy in haar hart anders gedink. (√)<br>Ds. Pienaar behandel oom Chai met die nodige respek, bv. groet hom met die hand en laat hom by die voordeur in kom. (√) | *Kandidaat noem enige 3/4 feite hier.* | 3/4 | | |
| | Ja, hulle optrede is aanvaarbaar, (√) want velkleur behoort nie ŉ rol te speel in die behandeling/optrede van mense nie. (√)<br>Nee, hulle optrede was onaanvaarbaar, (√) want ŉ mens moet by jou eie soort mense hou. (√)<br><br>**GEBRUIK RUBRIEK VIR NASIEN.** | | 2 | | |
| | | | **[25]** | | |

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG: *VATMAAR* – A.H.M. Scholtz

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12.1 | | Ja. Hy het haar gemolesteer (√) en so haar jongmense lewe vermoor/haar drome vermoor. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.5 | 4 |
| 12.2 | | Onwaar. (√) Sy sê sy was te jonk om aan haarself as ŉ moordenaar te dink. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.5 | 3 |
| 12.3 | | Norman was haar pa se vriend / Norman was saam met haar pa ŉ soldaat. | | 1 | LU2 AS 2.2.6 | 1 |
| 12.4 | 12.4.1 | Ma Khumalo | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 12.4.2 | Ma Khumalo het hom as haar eie groot gemaak. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 12.5 | | Na Norman wat haar gemolesteer het./ Na haar uitdaging aan Norman: hy moes ŉ ysterpen om middernag by haar broers en susters se graf gaan inslaan. Dit het sy dood veroorsaak. / Sy vir Norman se dood verantwoordelik is. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 12.6 | | B | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 12.7 | 12.7.1 | Begraafplaas/ Vatmaar | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 12.7.2 | Hartseer/ somber | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| | 12.7.3 | Ja. Kaaitjie vertel van haar groot hartseer. / Kaaitjie vertel van die hartseer wat sy al jare saam met haar dra. | *Ja/Nee verdien geen punte nie. Die motivering wel 2.* | 2 | LU2 AS 2.2.7 | 3 |
| 12.8 | 12.8.1 | Deursettingsvermoë | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| | 12.8.2 | Sy het voortgegaan met haar lewe en weer liefde gevind. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 12.9 | | Ons sou die brand en die gepaardgaande ontsteltenis net vanuit die verteller se perspektief beleef het./ Ons weet hoe elkeen van die karakters voel wat by die brand betrokke is. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIG LYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12.10 | | Dit was al stoele wat hul in hul huis kon bekostig. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 12.11 | 12.11.1 | Boitjie was aanvanklik ŉ leeglêer, het dagga gerook en het net moeilikheid gemaak. (√) Nou is hy bereid om regtig iets te doen en vir Kenneth uit dankbaarheid te help. (√) | *Kandidaat moet beide kante van die saak noem 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 2.28 | 3 |
| | 12.11.2 | Hy het ŉ sokkerspan op die been gebring. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 1 |
| 12.12 | 12.12.1 | Suzan | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 12.12.2 | Sy het die lantern laat hang om lig te maak en toe het die wind dit van die hak afgewaai. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 12.13 | 12.13.1 | Kenneth | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 12.13.2 | Hy het nog vir Suzan. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 12.13.3 | nuwe begin. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | | | | **[25]** | | |

## AFDELING C: DRAMA

## VRAAG 13: OPSTELVRAAG: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 13.1 | Kandidate moet ŉ gepaste inleiding en slot gee.<br><br>**<u>HOOP:</u>**<br>**MAUD:** Sy hoop om uit die township te kom. (√)<br>**MAP:** Hy het gehoop op ŉ beter toekoms (√) met geleerdheid en ŉ werk. (√)<br>**ANTIE GROOTMEISIE:** Sy hoop dat Johnie uit die tronk sal kom. (√) en ŉ veranderde mens sal wees. (√) **(5 feite)** | | 5 | LU2 AS 2.4.3 & 2.4.4 | 1.2.3.& 4 |
| | **<u>HANDELING:</u> MAUD:** Sy verduur Cavernelis se alewige gewerk, al bring dit eensaamheid, want dit gaan hul in staat stel om die township te verlaat. (√)<br>Sy bederf Cavernelis, want hy is haar enigste hoop om uit die township te kan trek. (√)<br>Sy verduur Cyril en Richie, want dit gaan slegs tydelik wees. (√) **(3 feite)** | | 3 | | |
| | **MAP:** Toe hy nie ŉ werk en geleerdheid kan bekom nie, het hy geglo dat hy deur bendebedrywighede uit die township wel sal kan ontsnap. (√)<br>In die tronk glo hy dat sy bekering/sy verandering vir hom die weg tot ŉ beter lewe gaan wees. (√)<br>Sy liefde vir Blanchie hou hom staande. (√)<br>Hy doen moeite om die gemeenskap daarvan te oortuig dat hy verander het. (√) **(3 feite)** | | 3 | | |
| | **ANTIE GROOTMEISIE:** Sy besoek Map gereeld in die tronk. (√) in die hoop dat hy berou sal hê oor sy dade. (√) **(1 feit)** | | 1 | | |
| | **<u>GESLAAG AL DAN NIE:</u>**<br>**MAUD:** Met Blanchie wat nie die modelkontrak kry en Cavernelis se selfmoord, verloor sy alle hoop. .(√)<br>**MAP:** Hy versoen hom met sy familie en Blanchie en die saxofoon dui aan dat die toekoms rooskleurig kan wees. (√)<br>**ANTIE GROOTMEISIE:** Sy kry haar spraak terug, want alles waarvoor sy gehoop het, het gebeur. (√) **(3 feite)** | | 3 | | |
| | | | | | |
| | **MERK VOLGENS DIE RUBRIEK** | | | | |
| | | | **[25]** | | |

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG: *KRISMIS VAN MAP* JACOBS – Adam Small

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 14.1 | | Gevangenisskap. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 14.2 | | Hy het nie verwag dat ook hul hom sou verstoot nie. / Hy het nie verwag dat ook hulle hom nie 'n tweede kans sal gee nie. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 14.3 | 14.3.1 | Star of Redemption | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| | 14.3.2 | Redemption dui op vrymaking/ bevryding, (√) maar hulle is nie bereid om Map vry te maak/vry te skeld nie. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 14.4 | | Die atmosfeer sou baie minder smekend gewees het. | | 1 | LU2 2.4.5 | 3 |
| 14.5 | | Dit het gelyk of hy en Blanchie 'n rooskleurige toekoms het. | | 1 | LU2 AS 2.4.4 | 2 |
| 14.6 | 14.6.1 | Die gemeenskap is nie vergewensgesind nie. / Die gemeenskap is nie bereid om iemand 'n tweede kans te gee nie. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| | 14.6.2 | Banchie het haar laat inpraat in prostitusie en 'n moontlike aborsie. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| | 14.6.3 | Map het betrokke geraak by bendebedrywighede en het in die tronk beland. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 14.7 | 14.7.1 | Die feit dat hy Blanchie vergewe. / Die feit dat hy niks aan die witmans gaan doen nie. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 2 |
| | 14.7.2 | Johnnie | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 2 |
| | 14.7.3 | Hy is Johnie genoem terwyl hy 'n goeie lewe gelei het. / Hy is nou bekeer en lei 'n goeie lewe. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 2 |
| | 14.7.4 | A | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 14.8 | | Cavernelis se selfmoord. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 1 |
| 14.9 | | Blanchie het hom beskuldig dat hy haar lewe vernietig het. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 2 |

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 14.10 | | Hy wou ekstra geld verdien, om gouer uit die township te kom. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 14.11 | | Nee. Hy het al die ekstra werk verniet gedoen. Hy is glad nie bevry om die genoegdoening van 'n beter blyplek te kan smaak nie. / Ja. Hy is nou nie meer 'n gevangene in die township nie. | *Kandidaat verdien nie 'n punt vir ja/ nee nie. Slegs die motivering.* | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 4 |
| 14.12 | | Onwaar<br>Cavernelis was te ontnugter/ seergemaak deur Blanchie se woorde om nugter te dink. | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 14.13 | | Dit dui daarop dat omstandighede kan terugkeer soos wat dit voorheen was. | | 1 | LU2 AS 2.4.4 | 1 |
| 14.14 | | Johnnie | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 14.15 | | Nee. Cavernelis moes ook eers boete doen, (√) voordat haar vergiffenis ten volle kon wees. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 4 |
| | | | | **[25]** | | |

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG: *MIS* – R. de Wet

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| 15.1 | Kandidate moet 'n gepaste inleiding en slot gee.<br><br>**HOOP:**<br>**MIEM:** Sy hoop dat haar man van die solder sal afkom. (√)<br>Sy hoop om van Meisie 'n "goeie" dogter te maak / Meisie hoë morele standaarde te gee. (√)<br>Sy hoop dat Meisie sal trou. (√)<br>**MEISIE:** Sy hoop om die sirkus te ervaar. (√)<br>Sy hoop om uit haar omstandighede te ontsnap. (√)<br>Sy hoop om normale vriende te hê (√)<br>Sy hoop om iemand met 'n identiteit te wees. (√)<br>**GERTIE:** Sy hoop om die eksotiese /sirkus te beleef. (√)<br>Sy hoop om iemand spesiaal te ontmoet (√)<br>Sy hoop om sensueel te wees en bewonder te word. (√)<br>**(5 feite = 2 by elk + nog 1)** | | 5 | | |
| | **HANDELING:**<br>**MIEM:** Sy probeer baie hard om Meisie aan die konstabel af te smeer, (√) want as Meisie trou, sal haar man van die solder afkom. (√)<br>Sy hou Meisie se doen en late baie goed dop. (√) /<br>Meisie moet na haar postuur kyk/ Meisie mag nie na die sirkusliggies kyk of na die sirkusmusiek luister nie.<br>Miem is oorbeskermend. (√)/<br>Sy stuur Meisie uit wanneer daar oor die meisies se verdwyning gepraat word. /<br>Miem laat nie toe dat Meisie ondersoekend is nie. Ook nie om haar eie mening te vorm nie. (√)<br>**(3 feite)** | | 3 | | |

| VRAAG | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|
| | **MEISIE:** Sy staan gedurig by die venster en bewonder die sirkusliggies. (√)<br>Die vorige jaar het sy uit die huis geglip om die sirkus te kon ervaar. (√)<br>Meisie loop saam met die konstabel weg om van haar ma se oorheersing weg te kom. (√)<br>Meisie maak die konstabel haar vriend en vertel hom van die sirkus. (√)<br>Sy herhaal haar naam nadat die konstabel haar gevra het wat haar naam is. Dit gee haar 'n gevoel van eie waarde. (√)<br>**(3 feite)** | | 3 | | |
| | **GERTIE:** Sy besoek die sirkus om die eksotiese te kan beleef. /<br>Sy hou die sirkusoptog dop om die eksotiese te kan beleef. (√)<br>Sy maak dit baie duidelik vir die konstabel dat sy 'n oujongnooi is en vra hom uit oor sy huwelikstatus. (√)<br>Sy laat haar deur die konstabel manipuleer om die sensuele dans uit te voer. (√)<br>**(1 feit)** | | 1 | | |
| | **<u>GESLAAG AL DAN NIE:</u>**<br>**MIEM:** Met Meisie wat weg is, sal Gabriël nie afkom nie. Sy verloor dus alle hoop. (√)<br>**MEISIE:** Sy ontsnap van haar omstandighede en ontdek haarself as mens. (√)<br>**GERTIE:** Sy het net vir 'n oomblik haar sensuele kant gewys. Sy bly ook ongetroud. (√)<br>**(3 feite).**<br><br>**MERK VOLGENS DIE RUBRIEK.** | | 3 | | |
| | | | **[25]** | | |

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG: *MIS* – R. de Wet.

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16.1 | | Bevryding | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 16.2 | | Sodat die kontras tussen haar en Gertie baie duidelik geteken staan. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 16.3 | | Miem begeer wel om ŉ man te hê, (√) maar sy is nie mooi genoeg/sensueel genoeg om begeer te word nie. (√) | *Kandidaat moet beide kante van die saak noem. 2 of 0.* | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 16.4 | | Daar sou nie meer ŉ magiese/ hipnotiserende/sensuele atmosfeer gewees het nie. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 3 |
| 16.5 | | Ja. Hy is heeltemal meegevoer deur sy eie vertelling. (√) Die neweteks praat van "droomverlore": (√) / Hy wil Gertie die geleentheid gee (√) om vir ŉ oomblik bevry te word. (√)<br>Nee. Hy weet (√) dat Gertie nie naastenby soos sy tant Hannie lyk nie. (√) | *Kandidaat se motivering tel die volle 2.* | 2 | LU2 AS 2.2.4 | 4 |
| 16.6 | 16.6.1 | Na die verdwyning van die twee dogters. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 1 |
| | 16.6.2 | Die konstabel is betrokke by die verdwynings. /<br>Die gevaar is nou by hulle in die huis. | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| 16.7 | 16.7.1 | Miem se man/Gabriël | | 1 | LU2 AS 2.2.7 | 1 |
| | 16.7.2 | Hy het die familieplaas in die Depressie verloor (√) en het hom toe onttrek. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.5 | 1 |
| | 16.7.3 | Negatief. (√) Miem moet die vaderrol nou ook oorneem. Hul versorg en beskerm. (√) | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 4 |
| 16.8 | | hofnar | | 1 | LU2 AS 2.2.4 | 1 |
| 16.9 | | Sy persoonlikheid verander soos sy klere. | | 1 | LU2 AS 2.2.4 | 3 |

| VRAAG | | ANTWOORD | NASIENRIGLYNE | PUNT | LU & AS | BLOOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16.10 | | Sy haal haar hande van haar ore af. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 2 |
| 16.11 | | Waar.<br>Sy het aanvanklik haar ore toegedruk om nie die musiek te hoor nie. /<br>Sy dans aanvanklik fladderend. | | 2 | LU2 AS 2.4.3 | 3 |
| 16.12 | | Haar Ma se oorbeskerming. | | 1 | LU2 AS 2.4.3 | 1 |
| 16.13 | | Sy vinnige bewegings. | | 1 | LU2 AS 2.4.5 | 3 |
| 16.14 | | B | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 16.15 | | Meisie het vrywillig saamgegaan. | | 1 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| 16.16 | | Die titel verwys na die vermiste meisies (√). Aan die einde raak Meisie ook vermis met haar verdwyning. (√) | *Kandidaat moet na die titel, sowel as Meisie verwys.* | 2 | LU2 AS 2.2.8 | 3 |
| | | | | **[25]** | | |

**GROOTTOTAAL: 80**

# RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE

| **RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL**<br><br>**HUISTAAL**<br><br>**10 PUNTE** | **TAAL**<br>Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word... | - Baie goeie koherente struktuur.<br>- Uitstekende inleiding en samevatting.<br>- Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik.<br>- Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek. | - Opstel goed gestruktureer.<br>- Goeie inleiding en samevatting.<br>- Maklik om argumente en gedagtegang te volg.<br>- Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel.<br>- Goeie aanbieding | - Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente.<br>- Inleiding, same-vatting en ander paragrawe koherent georganiseer.<br>- Kan vloei van argumente volg.<br>- Taal, toon en styl grootliks korrek. | - Sommige bewyse van struktuur.<br>- Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie.<br>- Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek. | - Bewyse dat struktuur swak beplan is.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie.<br>- Paragrafering gebrekkig. | - Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente.<br>- Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks.<br>- Paragrafering verkeerd. | - Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is.<br>- Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie.<br>- Taal is swak. Verkeerde taal en styl.<br>- Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br>Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verant-woording en beheersing van gedig. | | **7**<br>**80 – 100%** | **6**<br>**70 – 79%** | **5**<br>**60 – 69%** | **4**<br>**50 – 59%** | **3**<br>**40 – 49%** | **2**<br>**30 – 39%** | **1**<br>**0 – 29%** |
| - In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken.<br>- Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89%<br>- Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word uitstekend verstaan. | **7**<br>**80 – 100%** | **8 – 10** | **7 – 7½** | **7 – 8** | | | | |
| - Bo gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken.<br>- Uitgebreide respons.<br>- Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word baie goed verstaan<br>- | **6**<br>**70 – 79%** | **7½ – 8 ½** | **7 – 8** | **6½ – 7½** | **6 – 7** | | | |

FOR SIGNING OFF 14/03/2012

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed.<br>- Redelike uitgebreide respons.<br>- Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie.<br>- Genre en gedig word verstaan. | **5**<br>**60 – 69%** | **7 – 8** | **6½ – 7½** | **6 – 7** | **5½ – 6½** | **5 – 6** | | |
| - Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie.<br>- Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp.<br>- Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend.<br>- Genre en gedig word basies verstaan. | **4**<br>**50 – 59%** | | **6 – 7** | **5½ – 6½** | **5 – 6** | **4½ – 5½** | **4 – 5** | |
| - Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord.<br>- Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp.<br>- Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig.<br>- Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie. | **3**<br>**40 – 49%** | | | **5 – 6** | **4½ – 5½** | **4 – 5** | **3½ – 4½** | **3 – 4** |
| - Swak begrip van onderwerp.<br>- Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie.<br>- Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | **2**<br>**30 – 39%** | | | | **4 – 5** | **3½ – 4½** | **3 – 4** | **1 – 3½** |
| - Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie.<br>- Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | **1**<br>**0 – 29%** | | | | | **3 – 4** | **1 – 3½** | **0 – 3** |

## RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
### Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

| KODES EN PUNTETOEKENNING | | INHOUD [15]<br>Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk. | | STRUKTUUR EN TAAL [10]<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel. |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 − 100%** | Uitmuntend<br>**12 tot 15 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08 − 10 punte**<br>**A** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en afsluiting.<br>Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 − 79%** | Verdienstelik<br>**11 punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**07 punte**<br>**B** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend<br>**09 of 10 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**06 punte**<br>**C** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende<br>**08 punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**05 punte**<br>**D** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matige<br>**06 of 07 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**04 punte**<br>**E** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basiese<br>**05 punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**03 punte**<br>**F** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| ***Kode 1***<br>**G tot H**<br>**0 – 29%** | Ontoereikend<br>**0 tot 5 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereikend<br>**00 − 02 punte**<br>**G** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |